

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 39

15 November 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EKSAMEN 2019
Ons het nog net twee dae oor, dan is die eksamen verby. Sterkte met die laaste paar vakke wat geleer moet word.

SKOOLTYE GEDURENDE DIE EKSAMEN VANAF 6 NOVEMBER TOT 4 DESEMBER 2019
Neem asb. kennis dat die skool vanaf **6 November tot en met 3 Desember om 12:00** sal verdaag en op **4 Desember om 10:00.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

LAASTE SAAL EN RAPPORTE
Ons laaste saal vir die jaar vind op Vrydag, 29 November 2019 plaas. Ons neem by die geleentheid van ons graad 7-leerlinge afskeid en die ouers is baie welkom om die saalbyeenkoms by te woon. Die leerlinge se rapporte sal aan die einde van die dag aan die leerlinge gegee word om huis toe te neem. Indien u kind se rapport gepos moet word, stuur asseblief ‘n geadresseerde koevert (± 22cm x 11cm) met ‘n seël op, aan u kind se klasonderwyser/es teen 28 November 2019.

BELANGRIK : VERWYDERING VAN BOOM
Ons gaan voor die einde van November ‘n boom voor die graad R-klasse verwyder. Die boom is beskadig en hou gevaar in, sou hy breek. Streng voorsorgmaatreëls sal getref word om die veiligheid van die kinders te verseker tydens hierdie proses. Ons beoog ook om 5 bome in sy plek te plant nadat ons hom verwyder het.

SKOOLVERLATERS
Laat ons asseblief so spoedig moontlik weet indien u kind nie volgende jaar weer by Laerskool Newtonpark gaan wees nie (graad 7’s uitgesluit). Ons is besig om inskrywings vir 2020 te finaliseer, daarom is dit belangrik om te weet wie nog hier gaan wees en wie nie. Sekere klasse is ook reeds vol en daar is aansoekers wat wag vir ‘n opening.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

VAKANSIENASORG: DESEMBER 2019

Ons bevestig graag dat die Desembervakansienasorg wel voortgaan.

Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. e-pos na admin@lnpark.co.za om die vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **Donderdag, 5 Desember 2019 tot Vrydag, 13 Desember 2019 (7 dae). (Skole sluit Woensdag, 4 Desember 2019)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig. **Die tarief beloop R350 per kind (R650 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.**

Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 29 November 2019, inbetaal is sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep op diegene doen wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. **Aan die einde van November moet al 2019 se skoolgelde klaar betaal wees.** Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. **Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem.** Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Dit is genade om elke keer wanneer jy eer of erkenning ontvang, nog laer voor God te buig.

Braam Hanekom.

'n Suksesvolle mens is een wat 'n stewige fondament bou met die klippe wat ander na hom gooi.

David Brin

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 18 November	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** **EKSAMEN:** EBW Graad 7 **EKSAMEN:** LV Graad 4 – 6 Kuns graad R – 7: **12:30 – 13:30**
Di – 19 November	:	**EKSAMEN:** KK Graad 7 Kuns graad R – 7: **12:30 – 13:30**
Wo – 20 November	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** **Let wel: Eko-Newtons (laaste)**
Do – 21 November	:	Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 22 November	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Drama graad R – 7: **12:15** in die **Kunsklas**

SPORT & KULTUUR

MINI-KRIEKET TOERNOOI : CURRO

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
9 November	0/9A	Al-Azhar	LNP wen 43 – 13
9 November	0/9A	Kabegapark	LNP wen 27 – 8

GHOLF
Lincoln Steenberg in graad 3B het op Saterdag, 9 November aan die Shark River Golf Club kampioenskappe deelgeneem en ‘n 3de plek in die C-divisie behaal. Hy gaan ook Saterdag, 16 November aan die Uitenhage Ope-dag gholftoernooi deelneem. Baie geluk en sterkte met die kompetisie!

TENNIS
Kayden du Toit in graad 4S het die naweek van 2 – 3 November aan die Tennis SA-toernooi in Oos-Londen deelgeneem. Hy het vir seuns o/12 in die goud-groep gespeel en ‘n 5de plek behaal. Baie geluk!